

## PREEKSKETS: JESAJA 40:1-5

Ons teksverse bring 'n handomkeer in die profisië van Jesaja. Van woorde wat sonde uitwys en al die bitter gevolge daarvan uit stippel, van woorde wat spreek van God se oordeel (Jesaja 1-39), swaai alles om en word die res van die boek 'n boek van TROOS, hoop en verlossing (Jesaja 40-66)! Ons teksvers is dus die skarnier wat die hele ommeswaai maak. Daarom moet ons mooi verstaan:

- 1. Met wie word gepraat en wie is die een wat praat?** Die woorde “TROOS, troos my volk, sê julle God” is verbondstaal. Die Almagtige God wat hemel en aarde uit niks geskep het, praat hier met sy eie uitverkore kinders oor al die eeue.
- 2. Hoekom het hulle troos nodig?** As God met sy kinders praat, sê Hy vir Jesaja: “*Spreek na die hart van Jerusalem*”. Weet jy hoe het Jerusalem gelyk in die tyd tussen Jesaja 39 en Jesaja 40? Jerusalem was 'n puinhoop. God sê vir mense wie se eie lewens soos puinhope lyk: “*roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is, dat sy uit die hand van die HERE dubbel ontvang het vir al haar sondes*”.
- 3. Waar het God se kinders troos gekry terwyl hulle op die puinhope van die lewe gesit het?** Vers 2 begin met 'n opdrag van God aan Jesaja: “*Spreek*”, deel met hulle my woord. My woorde gaan hulle vertroos! In Hebreërs 1 lees ons: “*In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete (deur manne soos Jesaja),<sup>2</sup> maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun.*” (Hebreërs 1: 1-2). Die “NOU” in Hebreërs 1 is die tyd na Christus se kruisiging en sy opstanding. Ons skuld is betaal en die strydbyl tussen ons en God is begrawe. Christus is ons enigste troos. Deur sy Gees en in die lig van sy Woord wag ons Hom in en sien ons uit om volmaak by God en by Christus te

wees. In die nuwe Jerusalem gaan daar nie meer trane en smart wees nie.

Volgende naweek gaan God se kinders wêreldwyd Paasfees vier. Ons gaan terugdink na **die** oomblik in die geskiedenis waar ons Hemelse Vader sy arm van troos om elkeen van ons kom sit het. Toe Hy met sy Seun se gebreekte liggaam en sy bloed wat in ons plek gevloei het, liefdeswoorde tot ons harte gespreek het sodat ons nooit ooit weer hoef te wonder of die Vader ons liefhet nie.

Daardie tyd was ons lewens nog die ene puinhoop van sonde smart en ellende. Maar vandag troos die Heilige Gees ons nie net met sy Woord waarbinne alles na Christus toe wys nie, maar wat eers 'n puinhoop van ellende was, word 'n tempel van die Heilige Gees. So word ons mense wat God dankbaar verheerlik en wat nie kan wag vir oomblikke waar ons hierdie boodskap van troos met iemand kan deel nie... iemand wat dalk nou nog op sy eie puinhoop sit.

## VIR VERDERE OORDENKING BY ONTDEKSGROEPE

**Vraag:** Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?

**Antwoord:** Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort. Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos. Hy bewaar my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie. Alles moet inderdaad tot my saligheid dien. Daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe.

Oordink Sondag 1 vraag/antwoord 1 van die Heidelbergse Kategismus:

1. Wat verstaan jy met die woorde “jou enigste troos”?
2. Wat beteken dit om aan Jesus Christus, my getroue Verlosser te behoort?
3. Wat beteken hierdie TROOS vir my vandag?